‘N WOORD VOORAF

Die lewe kan eintlik net agteruit verstaan word; maar hoe ironies is dit dat ons verplig word om dit vorentoe te lewe !
Søren Kierkegaard, Deense Filosoof en Teoloog, 1813 - 1855.

H*y wat nooit iets aanpak nie, sal ook nooit ‘n fout maak nie*
CJ Langenhoven.

Jy moet kennis dra van wat in die verlede gebeur het, anders sal jy nie weet hoe om die toekoms te hanteer nie !
Adrianus Strooberg. Deur die oë van ‘n kind.

Hoekom wil ‘n mens skryf oor dinge, vandat jy ouer word en jy dit weer so duidelik onthou, om dan net weer met die lief (die nostalgie) en die leed (die letsels wat dit gelaat het), te wil saamleef ?

Wanneer iets gebeur sien ons nie altyd op daardie tydstip die konteks daarvan mooi raak nie. Eers met nadenke en refleksie sien ons die patrone, die verbande, die foute, en gelukkig darem ook die suksesse en die Here se plan met ons lewens.

Niks gebeur toevallig of tevergeefs in ‘n mens se lewe nie. Ons word gebore met ‘n Goddelike bloudruk, wat die wel en weë van jou lewenspad sal bepaal. Gebeure kom op jou pad en dit is daar om vir jou as mens lesse te leer. Om jou toe te rus vir die pad vorentoe. Dit is ‘n gegewe dat daar soms iets in jou lewens masjinerie verkeerd sal gaan. En dan moet jy doen wat gedoen moet word, soos om ondersteuning van familie en vriende te aanvaar en professionele hulp te kry. Vertrou op die Here wat deur jou werk en leef egter altyd voluit.
Wilna Snyman in ‘n onderhoud met Hannes van Wyk op Kwela van KykNET op 26 April 2017.

Leer uit en wees trots op jou letsels. Luister na hierdie inspirerende boodskap op “YouTube” ! Na jy daarna geluister het kan jy klik of of raak aan die ← terug pyltjie op jou tablet of slimfoon of op die X regs bo in jou bladleser (browser) op jou rekenaar, om terug te keer waar jy nou lees !

https://youtu.be/uDDEe5LtfTU

Ek het begin besef dat ek, soos baie ander persone van my ouderdom, nostalgies oor die verlede voel. Ek het ook besef dat dié wat na my kom, dit eintlik nie alles sal verstaan wat met my gebeur het en dít nie alles met my nou sal kán deel nie. Ek weet wel dat hulle oor die jare ook soortgelyke ervarings gaan hê en dit wat ek wil vertel, beter sal kan verstaan.

Ons moet ons herinneringe mooi oppas, want ons kan hulle nie weer herleef nie !

Soos Fytjie gesê het: “Ek is nou in my terugloop dae. Ek loop my ou plekke en my ou mense na.”
Bitter Heuning. Hermione Suttner.

Dis was ‘n vér pad waarop ek moes terugloop. Sekere dele het al amper toegegroei.

Ek het al heelwat biografieë gelees van bekende persone wat belangrike dinge gedoen het in hulle tyd en dikwels ook in die tyd waarin ek ook geleef het. Eers wanneer hy of sy hulle lewe uit hulle invalshoek verwoord het, het baie dinge vir my duideliker geword.

Baie belangriker persone het al oor hulle en hulle lewe geskryf. Deur die bank ook maar gewone mense wat uit gewone families en gesinne gekom het, moontlik presteer het en vir een of ander rede beroemd of bekend geword het. Ek is nie beroemd of bekend nie, maar ék het ook ‘n storie om te vertel en ek wou ook net dit neerskryf wat ék in my lewe beleef het en soos ék dit ervaar het.

Ek weet nie of hierdie ‘n biografie, ‘n joernaal of album is, wat in my lewe gebeur het nie. Ek dink nie dit gaan oor ‘n eie ego nie, maar ook oor ander persone wat mede rolle in my lewe gespeel het.

Ek leef nié in die verlede nie, maar kan ook nie van die verlede ontsnap nie, want dit is onherroeplik deel van my ! Ek beléef maar net weer die verlede en koester steeds die oorwegend baie aangename herinneringe uit my jeug en latere jare. Dit is soos die opsteek van oudag vure met brandhout wat ek met die verloop van die jare versamel het !

Dit is dikwels nie lekker om ‘n goeie geheue te hê van wat alles met jou gebeur het nie. Dit kan soms baie lastig wees. Want met alles wat jy onthou is daar ‘n emosionele verbintenis. Of dit nou verlange, nostalgie, blydskap, berou, seerkry of woede is, dit ráák jou wéér en wéér en neem jou in een dag van die een emosionele vlak na die ander.
Droomkasteel. Annelie Botes

En dan, na baie jare, sluip 'n ou, ou herinnering suutjies in. Sommer so. Sonder dat jy dit wou gehad het! Dan wonder jy ...?

Om nostalgies na die verlede terug te hunker kan ook verlammend wees. Natuurlik is daar goeie dinge in die verlede om te koester, maar die verlede kan jou van die werklikheid van nóú vervreem. Jou dinge laat miskyk wat nóú gebeur !
Op Pad. Dana Snyman.

Dit was en is vir my steeds lekker om te peins oor my reise na gister, die nostalgie, die wéér onthou en beleef van dinge wat onherroeplik verby is. Maar ín dié proses is ek ook by ‘n paar geleenthede wreed teruggeruk na ervarings wat vir my emosioneel en moeilik was en het ek ‘n paar keer intense **déjà vu** oomblikke ervaar.

Sien hierdie poging as ‘n retrospektiewe joernaal waarvoor ek nie vantevore die tyd of die perspektief gehad het om dit op te skryf nie.

Almal het ‘n storie om te vertel en indien jy jou storie met ander wil deel kan jy nie ook dit wat vir jou sleg was, of waarmee jy miskien gefaal het, ignoreer nie ! Ek vertel dus wat in my tyd met mý gebeur het

en dit is soos ék, met mý DNS samestelling, dinge ervaar het en hanteer het. Ek het hoogtepunte gehad, maar ongelukkig ook, soos dit in die lewe gaan, 'n paar laagtepunte.

Verklap jý al die afdraaipaaie wat jy in jou lewe geneem het ? Is jy braaf genoeg om as't ware weer 'n sinkplaatpad aan te durf om sodoende die slaggate uit te wys aan een wie se lewensreis nog aan die vooraand is ? Of swyg jy oor die foute en flaters en esse wat deur jou gegooi is om jou tot hier te bring ? So trap ons tydens die reis die onthou pad, snuif en kyk ons met verwondering en verwonding terug. Ons huil 'n bietjie oor wat nie verander kan word nie, lag skrams oor alles wat as bagasie saamgesleep word en bespiegel eindeloos oor die rigtings waarin die toekoms ons onderskeidelik kan neem.
Annemarie van der Walt, Van Alle Kante, Die Burger, 28 Desember 2017

Waar daar onderdrukte seer is, word dit later soos 'n abses – dit kan nie gesond word nie. Dit moet eers oopbars vóór dit kan genees. Maar dit laat altyd 'n rofie agter en as die rofie afgekom het, bly die letsel daar en vorm dit deel van jou karakter.
Tussen Stasies Irma Joubert.

Littekens het 'n vreemde krag. Dit herinner ons altyd aan 'n werklike verlede. Want die gebeure wat daardie letsels veroorsaak het, word nooit vergeet nie.
Abel se Lot Chris Karstens

Soms is daar 'n onttrekking van gedagtes oor daardie tye, 'n ontvlugting van die seer, maar nooit 'n afsluiting nie. Die afsluiting kom eers deur die seer te gaan konfronteer. Dit is wat ek met hierdie reise na gister wou doen. Sodat ek dinge kan afsluit wat vir my sleg was en sodat dit dan hopelik berusting kan bring.

Bogenoemde sentimente, waaroor ek filosofeer, het ook meegewerk dat ek oor dinge wat in my lewe gebeur het wou vertel en dit sal duideliker word wanneer ek meer oor my middeljare vertel !

Ek hét en leef steeds in 'n baie dinamiese, en tans ook in 'n baie frustrerende politieke tydperk in Suid Afrika se geskiedenis: Ek leef vanaf twee jaar na my geboorte, in die Apartheidsera vanaf 1948 tot 1994, en tans, meer as 25 jaar na die eerste demokratiese verkiesing in 1994, in die "Nuwe Suid Afrika". Net ons kinders en húlle kinders en hulle daarná sal dít, wat ons en ons ouers, en hulle wat vóór ons hier was, gedoen het, met die moraliteit van húlle tyd, dit in retrospeksie kan beoordeel, asook oor dié wat daarna die verantwoordelikheid van die regering oorgeneem het !

"Iemand moet ons opskryf, want as iemand ons nie gaan opskryf nie, gaan almal dink ons geslag en dié voor ons was sleg. Ons het help bou aan hierdie land !".
'n Onbekende Afrikaner met wie Dana Snyman gesels het en dit opgeteken het in sy boek "Hiervandaan".

Eintlik skryf ek hierdie herinneringe vir myself, my kinders en kleinkinders (en dalk vir my broers se kinders en kleinkinders, want hulle was en is steeds mede reisigers op mý reise na gister). Miskien lees hulle dit nie nóú nie, maar dalk eendag later. Ek wou graag, veral in die eerste hoofstukke, my kinders en kleinkinders terugvoer na 'n wêreld wat ek as kind en jongmens beleef het, vóór hulle daar was !. Asook vir enige ander persone wat my paaie in my jeug gekruis het en belang sou stel om dit te lees en

dit miskien ook weer wou ervaar ! Later filosofeer ek meer oor hoe my lewe verloop het en wat ek daaruit geleer het.

'n Biografie is seker soos 'n foto. Jy neem dit nou, kyk 'n slag of wat daarna en bêre dit of dit raak weg, soms vir baie lank. Maar wanneer dit weer ontdek word, vertel dit 'n storie wat heeltemal vergete sou gebly het !

Dinge was in my jonger dae baie anders as nou. Veral moet julle, my kleinkinders, weet dat daar in my jeugjare geen TV, Videos, Rekenaars, Tablette, Slimfone, Face Book, Twitter, en die Internet was nie !

Ek besef egter dat elke geslag in sy eie tyd grootword en dat hulle hulpmiddels moet hê wat hulle moet voorberei vir die uitdagings wat húlle toekoms hulle gaan bied. Daarom publiseer ek hierdie joernaal ook in elektroniese formaat op my webblad op die Internet by www.boompies.com/reise.pdf , sodat hulle dit almal op hulle slimfone of "tablets" of skootrekenaars kan lees !

Die lewe verander nie eintlik nie, net ons omstandighede verander soos die jare aangaan, asook die tegnologie en dit wat ons dink maar altyd so was. Ek was ook dáár, waar júlle nou is, net op 'n ander tyd en op 'n ander manier !

Lees gerus ook Wilhelm Jordaan se Komvandaan se Ankers

Pierre de Wet, Groenkloof Reebok, Groot Brakrivier, Februarie 2019

ONS GESIN, OP WIE EK BAIE TROTS IS !

Ek en Johanna met ons uitgebreide gesin in Augustus 2017

Vlnr voor op die bank: Carlien (de Wet) Klem, Corné Klem, Johanna (Vercuiel) de Wet, Pierre de Wet, Esmé (de Wet) Malherbe, Dawie Malherbe.
Vlnr agter die bank: Gerd Klem, Anna-Mart Klem, Rese Klem, Johann de Wet, Liam Malherbe, Joane Malherbe.

ONS GESIN IN DIE NATURE'S VALLEY BOS KAMPTERREIN, KERSFEES 2020

Agter: Corné Klem

Middel: Joane Malherbe, Esmé (de Wet) Malherbe, Gerd Klem. Carlien (de Wet) Klem, Liam Malherbe, Dawie Malherbe

Voor: Rese Klem, Johanna de Wet, Pierre de Wet, Johann de Wet

Terug na Inhoudsopgawe